

DIE FLORISBADMAN: WAS PROF. DREYER REG IN SY INTERPRETASIE VAN DIE SKEDEL?

In 1947 het prof. T F Dreyer dit reeds duidelik gestel dat die ontwikkelingslyn wat deur die Florisbadskedel, die Matjiesrivierskedels en die moderne Khoisan verteenwoordig word, duidelik onderskeibaar is van ander moderne mensbevolkings.

Tans is daar twee opponerende modelle wat streef om die biologiese evolusie van die moderne mens te verklaar. Die een stel voor dat daar in verskillende wêrelddele plaaslike ontwikkelings was waar die oorgang van primitiewe moderne mense (*Homo sapiens* subsp) na ten volle moderne mense (*Homo sapiens sapiens*) plaasgevind het en dat die bestaande diversiteit in menslike fisiese tipes 'n baie lang geskiedenis het. Die ander model stel voor dat daardie oorgang in een beperkte geografiese gebied plaasgevind het en dat radiasies vandaar plaasgevind het sodat ander primitiewe bevolkings in die Ou Wêreld (d.w.s. Afrika en Eurasie) verplaas is. Soos dikwels in die wetenskap is daar sekere bewyse wat altwee modelle kan ondersteun. Tog is daar in Afrika, onder meer by die Klasiesriviermondgrotte (Suid Kaap), Border Cave (Ingwawuma) en ook by die Omorivier (Etiopie), die heel oudste bewyse van anatomies-moderne mense gevind. Hierdie mensfossiele dateer ongeveer 50 000 jaar vroeër as elders in die Ou Wêreld waar fossiele van anatomies-moderne mense gekry is. Dit kan moontlik daarop dui dat Afrika, suid van die Sahara, die ontstaangebied was van die moderne mens wat later na die res van die wêreld geëmigreer het.

Onlangse DNA-analises van moderne mensbevolkings deur oorsese navorsers, ondersteun 'n mens-ewolusiemodel wat sê dat die anatomies-moderne mense eerste in Afrika ontwikkel het en daarna elders ge-emigreer het. Dit lyk ook asof dit 'n baie klein groepie was wat vanuit Afrika gekom het om die voorouers van die latere bevolkings in Eurasie en later ook Amerika te word. Hierdie emigrasie kon tot gevolg gehad het dat die primitiewe bevolkings wat teen



Prof. T.F. Dreyer by die opgrawings te Florisbad.

daardie tyd in Eurasie was, uiteindelik vervang of verplaas is. Daar kan gevolglik 'n breë onderskeid tussen 'n Euro-Asiatiese- en 'n Afrika groep getref word.

Prof. Dreyer se opvattinge, soos hierbo genoem, het al amper vergete geraak gedurende die afgelope dekades. Dit is dus merkwaardig dat na soveel jare daar navorsingsresultate na vore gekom het, wat moontlik sy gedagtes ondersteun.



BIBLIOGRAFIE

- WAINSCOT J.S. *et al* 1986 Evolutionary relationships of human populations from an analysis of nuclear DNA polymorphisms *Nature* **319** 491-493
- STRINGER C.B. 1984 Human evolution and biological adaptation in the Pleistocene pp 55-83 In Foley, R (ed) *Hominid evolution and community ecology* London Academic Press
- DREYER T.F. 1947 Further observations on the Florisbad skull *Sooloogiese Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 1(13): 183-190